

HOOFSTUK 8: Riglyne vir die gebruik van lekke

Hendrik van Pletzen (Voermol Voere)

Lekke dien slegs as aanvulling van die beperkte voedingstof of voedingstowwe in weidings en is nie 'n voer nie. Lekke word slegs aanbeveel wanneer daar voldoende weiding en/of ruvoer beskikbaar is.

LEKKEUSE

Die volgende faktore moet by die kies van 'n lek in gedagte gehou word:

- Kwaliteit en hoeveelheid weiding.
- Tipe weiding, bv. soet-, suur- of bossieveld.
- Produksiestadium van die dier, bv. lakterend, droog of groei.
- Kondisie van die dier.
- Spesifieke jaar; produksiejare verskil baie na gelang van reënval en klimaat.
- Infrastruktuur op die plaas. Dit sal bepaal of lekblokke, klaargemengde lekke, lekkonsentraat of 'n kombinasie van lekke gebruik word. Faktore wat 'n rol speel, is die beskikbaarheid van lekbakke, toerusting om akkuraat te weeg en te meng, die beskikbaarheid van graan en ander grondstowwe, arbeid, afgeleë veeposte en bestuurstyl.

LEKINNAME

Die minimum en maksimum lekinname word vir elke produk voorgeskryf. Die minimum inname geld vir soeter veld, terwyl die maksimum inname meer van toepassing is op suurder veld. Indien die lekinname te laag is, is die smaaklikheid en beskikbaarheid van die weiding van so 'n aard dat min lek nodig is. Indien die lekinname te hoog is, oorweeg die volgende stappe:

- Verander na 'n ander lek of leksamestelling. Sout word gebruik om inname gedeeltelik te beheer, maar té hoë soutinname is nadelig vir diere. Fyner sout beheer inname beter as growwe sout. 'n Volwasse bees het ongeveer 70 - 90g sout/dag nodig.
- Voerkalk word soms gebruik om inname te beheer, maar dit word nie aanbeveel nie aangesien hoë vlakke van kalsium die opname van spoorelemente onderdruk en dus geïnduseerde spoorelementtekorte veroorsaak.
- Plaas lekbakke ver van waterpunte.
- Beperk inname deur afgeweege hoeveelhede lek twee of drie keer per week te voer.

UREUM

Feitlik alle lekke en lekkonsentrate bevat ureum. Pas die volgende maatreëls toe om ureumvergiftiging te voorkom:

- Gebruik lekke volgens voorskrif.
- Voorkom aanvanklike oormatige inname deur southonger diere vir die eerste 14 dae toegang tot Voermol Rumevite 6P te gee.
- Beperk lekinname, veral tydens weidingskaarste, tot die voorgeskrewe maksimum vlak.
- Meng lekkonsentrate deeglik.
- Beskerm ureumbevattende lekke teen reën.
- Asyn is 'n doeltreffende teenmiddel teen ureumvergiftiging. Meng asyn met gelyke dele water en doseer 'n halwe bottel per kalf of groot skaap en 2 - 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).